



## ONS GEE OM DEUR BARMHARTIGHEID

Woord van Barmhartigheid vir die maand

### Gawes met die oog op diens

**(1 Kor. 12:4-8) Wat sou die gevolge wees as 'n Christen hom van sy medegelowiges afsny?**

In die menslike liggaam is daar 'n wonderlike harmonie en eenheid omdat een brein die hele liggaam beheer. In die liggaam van Christus behoort daar dieselfde eenheid en harmonie te wees omdat ons deur een Gees beheer word. Hierdie één Gees, God se Heilige Gees, deel aan gelowige mense gawes uit. Nie dieselfde gawe nie, want dan sou ons min vir mekaar kon beteken, maar elkeen ontvang **sy eie gawes sodat hy sy gawe ter wille van die ander gelowiges kan gebruik.**

Die gawe wat ek ontvang, is nooit ter wille van myself nie, maar altyd ter wille van ander. Ek moet met my gawe diensbaar wees. **Ander mense moet deur my gawes bevoordeel word.**

Gawes kan nooit verwerf of verdien word nie. Dit is vrye geskenke wat ek van die Heilige Gees ontvang omdat Hy weet watter plekkie in "Christus se liggaam" ek moet inneem en omdat Hy weet watter ander mense **ek deur my gawes moet seën.** Daarom moet ek nie my gawes minag nie, maar dit juis in diens stel. Hy weet waarom Hy aan my sekere gawes gee. Omdat Hy die soewereine God is, deel Hy uit soos Hy wil (vgl. V 11). Ek moet ook nie op ander se gawes jaloers wees of hulle gawes begeer nie, maar myself koester in die gawes wat Hy aan ander gegee het.

'n Gawe is nie iets om mee te spog nie, want ek het dit ontvang. **Enige gawe is om mee te dien, mekaar te dien en "Sy Liggaam" te dien.**

Só word my gawe werklik gebruik tot voordeel van almal (vgl. v. 7).

**Gebed:** *Heilige Gees, lei my om nooit die gawes wat U my gegee het te onderskat nie, maar om dit in belang van my medegelowiges te gebruik.*

## GESINSBEDIENING

**Vraag:** Daar is verskeie enkelouers in my gemeente wat so behoeftig voorkom. Ek sou hulle graag wou help, maar om eerlik te wees, ek kan skaars alles doen wat nodig is om vir my eie gesin te sorg. Watter verantwoordelikheid dink jy het ek as 'n Christenvrou/man om hierdie ander gesinne te help?



**Antwoord:** Almal is vandag besig. Ek ken nie een gesin wat nie uitputting en tydsdruk ervaar nie. Nie een van ons het nuwe sake op ons agenda nodig nie, maar ek glo ook dat dit ons plig is om uit te reik na dié mense wat deur moeilike tye gaan. Dit

geld veral vir enkelouers omdat hulle kwesbare kinders dié is wat die swaarste kry. Ek is seker Jesus sou wou hê dat ons vir hierdie gesinne sal sorg, finansiëel en deur ons liefde en omgee.

Baie jare gelede het my vrou, Shirley, een oggend in die huis gewerk toe sy 'n klop aan die voordeur hoor. Toe sy die deur oopmaak, staan daar 'n jong meise in haar laat tienerjare. Sy het gesê haar naam is Sally.

*“Ek verkoop besems,” het sy gesê, “en het gewonder of u dalk een wil koop.”*

My vrou sê toe vir haar dat sy nie daardie dag belangstel daarin om enigiets te koop nie. Waarop Sally antwoord: *“Ek weet. Niemand stel belang nie.”* En toe begin sy huil.

Shirley het Sally ingenooi vir 'n koppie koffie en haar gevra om haar storie vir haar te vertel. Sy was 'n ongetroude ma wat geweldig gesukkel het om haar tweejarige seun groot te maak. Daardie aand het ons na haar bouvallige woonstelletjie bokant 'n garage gaan om te kyk hoe ons hierdie ma en haar kleuter kon help. Ons het al die kaste oopgemaak en gesien dat daar niks vir hulle was om te eet nie. En wanneer ek sê niks, bedoel ek *niks*. Daardie aand het hulle twee 'n blikkie spaghetti gedeel. Ons het haar supermark toe geneem en gedoen wat ons kon om haar weer aan die gang te kry.

Sally is beslis nie die enigste enkelma daar buite wat desperaat probeer oorleef in 'n vyandige wêreld nie. Al hierdie ma's sal 'n bietjie vriendelikheid verwelkom – van 'n babaoppasser, 'n ete, iemand wat die wasmasjien regmaak of selfs net iemand wat bedagsaam is teenoor hulle.

Om kinders alleen groot te maak is soos om 'n berg uit te klim wat kilometers hoog is. Kan jy dit in jou hart vind om daardie enkelma se kinders op te pas een middag in 'n week? Of kan jy ekstra kos maak wanneer jy kook en dit een aand oorneem? Dink net wat hierdie vriendelikheid sal beteken vir daardie klein gesin. Dit sal nie net die ouer bemoedig nie, ook die kinders sal jou seën. - **Dr. James Dobson**

## DIENS VAN BARMHARTIGHEID



### Siekesorg / Koskas

Wil u graag 'n sertifikaat verwerf as Pastorale werker in hospitaalbediening? Skakel dan gerus in by die eerste module van die opleidingsessie soos aangebied deur **Hospivisie**. Dit vind plaas op Saterdag-oggend, 2 Augustus 2003. Dit is 'n interkerklike ringsaksie en vind plaas in die Raadsaal van die Moothospitaal. Die sertifikaat word uitgereik nadat albei modules voltooi is. Vir meer inligting skakel ds. Leon van Heerden (331 3023) of Pierre Malan (331 3119).

U is welkom om enige Sondag nie-bederfbare kos in die houers by die deure te plaas, maar die eerste Sondag van elke maand staan bekend as “Kossondag” wanneer 'n ekstra poging aangewend word om voedsel in te samel, eerstens vir gebruik in die gemeente waar daar behoeftes ontstaan, asook vir Brood-vir-Nood en die CMR. Dankie vir u bydraes in hierdie opsig.



## SENDINGBEDIENING

Graag wil ons 'n getuigenis van 'n Hindo met u deel. Soos die Here elke dag maak, lei Hy vir Pieter en Sada na 'n spesifieke huis om daardie persone te bedien. So het die Here hulle na Naran gelei, sy vrou is die vorige dag begrawe.

**Sy storie:** hy vertel dat hy samoosas gebak en verkoop het, dan drink hy alles uit wat hy verdien het. Wanneer hy dronk en sonder geld by die huis gekom het, het sy vrou nooit met hom baklei of harde woorde met hom gepraat nie, hoe sy reggekam het weet hy nie, maar sy het.

Op 'n dag, 16 jaar gelede, het hy in die stad sy samoosas verkoop, drank gekoop en so dronk geword dat hy geval het. 'n Man het hom opgetel en met hom gepraat, maar hy weet nie wat alles nie, want hy was nie nugter nie. Die man het aangedring dat hy hom huistoe wou neem en sy adres gevra, Naran wou nie sy adres gee nie en het net gesê dat dit in Laudium is. Die man het aangedring en hy het dit vir hom gegee en hom huistoe geneem.

Met sy aankoms by die huis en in so 'n toestand was sy vrou baie ontsteld. Sy het die man ingenooi en om verskoning gevra vir haar man se gedrag. Die man het haar gerus gestel en gevra of hy vir hulle kon bid, sy het toestemming gegee en daar is gebid. Nadat die man weg is, het Naran sy mond en tande in die badkamer gaan was en hy het die God tot wie hierdie man gebid het gevra om hom te help om van die drankgewoonte los te kom, sy gode tot wie hy bid kon hom nie help nie.

Hy vertel dat daar in die badkamer 'n gevoel oor hom gekom het asof al sy klere van hom afgeskeur word, dat hy naak gestaan het, tog het hy sy klere aangehad. Hy het totaal nugter uit die badkamer uitgestap en van daardie dag, 16 jaar gelede, tot vandag nog nie weer drank oor sy lippe gehad nie.

Hy weet nie wie die man was nie, maar hy bid elke dag tot dié God en dank Hom omdat Hy hom verlos het. Dit is vir hom net wonderlik om bedags tuis te kom en die geld wat hy verdien het, vir sy vrou te kom gee.

Ses jaar gelede het hy rook ook op 'n wonderbaarlike wyse gelos. Bid asseblief vir Naran wat nou dié God leer ken wat hom verlos het.

**Help ons almal elke dag, Here, ons genadige God,  
Om met soveel goedhartigheid, soveel deernis te lewe  
Teenoor die lede van u liggaam op aarde,  
Met soveel opofferende liefde teenoor al ons naastes,  
Dat U, die Hoof van die Kerk, tog nooit rede sal hê nie  
Om vir een van ons te sê:  
"Dit is My Liggaam wat deur julle gebreek is!"**

**GEBED**

## OMGEESELBEDIENING



## GETUIENIS EN UITNODIGING

Die **Andreas-omgeesel** het ontstaan uit die vermenigvuldiging van die Petrus-omgeesel. Die naam **Andreas** is gekies gedagtig daaraan dat dit die broer van Simon Petrus was en dat beide dissipels was van Jesus. Tans bestaan die Andreas-sel uit die gesinne Kok, Barnard, Van Staden, Botha, Pretorius en Theron.

Ons beleef hoe die onderlinge verhouding binne die sel groei tot 'n hegte familieband, waarin daar warmte en liefde is, waarin die lede mekaar ondersteun en sorg dra vir mekaar en mekaar se gesinne, mekaar se vreugde en leed deel, en mekaar se laste dra. Ons beleef hoe God ons elkeen se unieke persoonlikhede, talente en gawes aanwend tot opbou van mekaar. Hierdie betrokkenheid by mekaar en onderlinge kontak is nie beperk tot Sondae of tot slegs die selbyeenkoms nie, maar gebeur baiekeer spontaan deur die week ook. Die weeklikse selbyeenkoms is derhalwe iets waarna elkeen uitsien, waar ons saamgesels rondom die Woord en praktiese uitlewing van ons geloof, asook saambid en getuienis deel. Buiten ander gebedsake doen ons daaglik voorbidding vir mekaar individueel en sien die kragtige uitwerking van gebed. Dit alles beleef ons as 'n geloofsavontuur en 'n sleutelement in die verdieping van ons verhouding met God. Dit spoor ons aan tot groter meelewing t.o.v. gemeentelike aktiwiteite en christelike feestye, byvoorbeeld Pinkstertyd en Paasfees, asook praktiese betrokkenheid by bedieninge in die gemeente.

Die Andreas-omgeesel kom weekliks bymekaar op Sondag-aand. **Uitnodiging:** Vir meer inligting of indien jy wil inskakel, kontak gerus vir Gert Kok 330-1551(h) of Wolsey Barnard 331-0439(h). Ander omgeeselle en omgegroepe sal kan getuig van soortgelyke belewenisse. Kontaknommers, dae en tye waarop hulle bymekaarkom verskyn gereeld op die afkondigings.

## Jeug



**BKJA**

19 Mei staan 'n klomp opgewonde jongmense voor Jakaranda sentrum. Reg vir 'n naweek weg van die stad en die gejaagde lewe.

Ons as BKJA-groep het die geleentheid gehad om oor die Paasnaweek op 'n Staptoer te gaan. Ons eerste stop was by **Thaba Kwena**, 'n krokodilplaas, net buite Warmbad. Hier het ons die geleentheid gehad om te sien hoe hierdie massiewe diere 'n hele paar ton hoenders in 'n

oogwink verorber.


Die kampterrein **Rhenosterpoort**, wat erens tussen Nylstroom en Thabazimbi lê, is waar ons as groep die volgende drie dae spandeer het. Ons het laat die Saterdagmiddag daar gearriveer en nadat almal hulle slaapplek ingerig het, het ons dadelik die vure aangesteek sodat ons ons honger magies kon stil.

Sondag is ons vroeg uit die vere, spiere is los en warm gemaak, reg vir die 8 km stap. Die paadjie het ons gelei deur opdraandes en afdraandes, oor waterstroompies met waterskerpioene daarin, deur 'n inheemse bos en nogmaals opdraandes. Langs die roete het sommiges die lafenis van die swempoele opgesoek, maar die meeste was maar effe skugter vir die rivierwater. Terug by die kamp het ons die aand lekker om die kampvuur gekuier.

Ons is darem toegelaat om die Maandagoggend vir 'n paar minute later te kon slaap. 'n Paar van ons het besluit om die korter roete aan te durf, maar die res het die stilte en die rustigheid vir ouslaas geniet.

Na 'n wonderlike naweek moes ons die pad terug Pretoria toe aandurf, terug na realiteit.  
*Dankie aan almal wat dit vir ons moontlik gemaak het om so iets te kan beleef!*

*Heleen de Beer (namens BKJA)*



**JEUG**

## Echo Jeugontwikkeling

**'n Kamp vir naskoolse jongmense - Is daar sin in my bestaan?**

**Wanneer:** 18 – 20 Julie

**Waar:** Badseloop

**Koste:** R130 pp

**Kontak:** Louis Pienaar (082 878 1743)

**'n Glas vol omgee**

**'n Bordjie vol liefde**

**'n Lepel vol vrede**

**'n Vurk volvertroue**

**'n bakkie vol gebede**

**en niks maak vet!**

**Net wat jy nodig het vir energie vir hierdie maand!!**

*Daaglikse ontbyt!*